



Laalooethinders



Laerskool Hennospark Amptelik



@laerskoolhennospark_amptelik



www.hennops.com



d6 school

Ons waardes



Missie

'n Skool waar God regeer - 'n skool vir kinders. Dinamies, toekomsgerigte voorlopers. Akademiese uitnemendheid word nagestreef. Handhaaf kwaliteit personeelontwikkeling. Effektiewe finansiële en administratiewe bestuur. 'n Skool waar leierskapvaardighede ontwikkel word. 'n Skool waar elke kind 'n wenner word. Waar die kind raakgesien en gebalanseerd ontwikkel word. Tradisie geskep en uitgebou word. Disipline gehandhaaf word. Effektiewe kommunikasie. Uitnodigend.

Visie

Die Kaalvoet-pret-prestasieskool met 'n Christelike grondslag wat streef na uitnemendheid en hulle ten doel stel om elke kind in totaliteit te ontwikkel.



Die skoolwapen

Op 8 Maart 1982 is die skoolwapen wat deur mev. Beulah Vari ontwerp is, goedgekeur.

Die simboliek van die skoolwapen

Die driehoekige as wat as die raam vir die wapen dien, simboliseer ons afhanklikheid, geloof en vertroue in ons Skepper. Die drie punte stel dan ook die Drie-eenheid voor. Verder is die driehoek ook 'n simbool van groei - die punte onder is die kiemplantjie wat dan wyd uitsprei na die breër oppervlak en na bo (op) groei. "Streef Hoog." Die kleur blou, simboliseer die kleur van die uitpansel. Die goud simboliseer die kleur van die son. Die son is die primêre bron van energie. (Die fatsoene binne die driehoek bo die geil blaartakke is simbolies van 'n jongmens).

Wanneer dit deur die son (goue sirkel) gekoester word, sal dit gedy - die son wat lewe wek; waarsonder lewe nie moontlik is nie. Die horisontale blou lyne aan die onderkant simboliseer die aarde en die water wat die takke aan die lewe hou. Dit is ook 'n simbool van die Hennopsrivier wat in die gebied vloei.

Streef hoog



Skooltye

Maandae - Donderdae

08:00 tot 13:00 toesig tot 13:30

Vrydae

08:00 - 12:45 toesig tot 13:10

Belangrike kontakbesonderhede

	Kontakpersoon	Kontakbesonderhede
Kleinspoortjies Graad RRR-RR	Me Renita Smith	066 003 9371 rsmith@hennops.com
Graad R-sentrum	Me Mimmie Olivier	012 654 7411
Graad 1-3	Me Yolandi Minnie	012 654 4308
Bontstaan Klerewinkel	Me Elsabè Malan	emalan@hennops.com
Skoolfonds	Me Marinda Annandale	mannandale@hennops.com
Speelsentrum	Me Renita Smith	speelsentrum@hennops.com

Ander kontakbesonderhede is op die skool se d6 beskikbaar.
Om 'n afspraak te maak om die skool te besoek, skakel gerus vir
Angelique Smal by 012 654 4308

Kommunikasieplatforms



Laerskool Hennospark Amptelik



@laerskoolhennospark_amptelik



www.hennops.com



d6 connect

Streef hoog



Naskole

Speelsentrum deur Laerskool Hennospark

012 664 5257 / 084 369 6446
speelsentrum@hennops.com

Hennops Naskool - Elna

076 162 0185
hennopsnaskool@gmail.com

Humble Hearts

069 320 6740
humbleheartsmel@gmail.com

Thrive - Adele

073 640 6695
hennospark@thrivepreschools.co.za

Woekerwerf - Heilene

012 654 5379 / 082 900 5958
info@woekerwerf.co.za

Krok-'n-Noster - Welani

082 375 1164
info@kroknoster.co.za



Lojaliteitsprogramme



School-Days®

Streef hoog





'N SKOOL
WAAR GOD
REGEER



VERFRISSEND
ANDERS!



'N SKOOL
VIR KINDERS



'N SKOOL VAN
LIEFDE



'N SKOOL WAAR
JY NIE NET 'N
NOMMER IS NIE
MAAR 'N INDIVIDU



'N SKOOL VIR
KAALVOETKINDERS



Graad R-kleredrag

Bontstaan Klerewinkel verkoop skoolklere vir die leerders van Laerskool Hennospark. Die winkel is geleë op die skoolterrein in Blackwoodstraat. Gebruik gerus die Bontstaanhekkie om toegang te kry tot die winkel.

Aankope werk nie op bestelling nie. Om die proses te vergemaklik vat u kind(ers) saam na die winkel om te verseker dat die klere gemaklik pas.

Somersdrag

Graad R - T-hemp
Graad R - kortbroek
Soft Shell baadjie

Wintersdrag

Graad R - Sweetpакbroek
Soft Shell baadjie
Koningsblou langmou T-hemp

Tekkies en kouse (nie beskikbaar by Bontstaan nie)

Addisionele items (nie verpligtend nie)

Serp
Snood
Mus
Keps

Vir die dogters is daar 'n verskeidenheid van haarrekkies en strikkies te koop

Bontstaan besigheidsure

Maandae-Donderdae

07:00-07:30
13:00-13:45

Vrydae

07:00-07:30

Vir enige navrae kontak gerus vir Elsabè Malan by emalan@hennops.com



Inskrywings



Mimmie Olivier
graadr-info@hennops.com



LAERSKOOI HENNOSPARK GRAAD R

4 Mei 2026

INSKRYWINGS 2027

GRAAD R

Geagte voornemende Graad R-ouer

Baie welkom by Laerskool Hennospark!

Inligtingsoggend vir ouers

Datum: Woensdag, 13 Mei 2026

Tyd: 7:30 – 9:30

Plek: Laerskool Hennospark
Dawie van Heerden Ouditorium

Opedag vir kinders en ouers

Datum: Saterdag, 16 Mei 2026

Tyd: 9:00 – 11:30

Plek: Graad R-sentrum

As skool besef ons dat u op hierdie stadium van u kind se lewe 'n belangrike besluit moet neem ten opsigte van die beste skool vir u kind. Ons glo u is baie opgewonde, maar moontlik ook so 'n bietjie onseker oor die volgende fase van u kind se grootwordproses.

Graad R is slegs die eerste stap op u kind se kaalvoetreis. U is opsoek na 'n skool met uitnemende onderrig, waar kinders se belange vir hulle hele skoolloopbaan eerste gestel word.

Ons as Graad R-personeel wil u verseker dat ons elke tree saam met u en u kind sal stap, sodat u kind se kaalvoetreis hier by Laerskool Hennospark 'n onvergeetlike een sal wees.

Ons gee graag hiermee aan u die volgende inligting aangaande die inskrywingsproses van voornemende Graad R-leerders by Laerskool Hennospark vir die 2027 akademiese jaar.

Die ondergenoemde bepalings het betrekking op ouers wat reeds kinders in die laerskool het, asook op ouers wat vir die eerste keer aansoek doen om toelating.

1. OUDERDOM VAN LEERDERS

Leerders wat ses (6) word in 2027, sal toegelaat word tot Graad R. Indien u kind nie binne hierdie perke val nie, moet u asseblief met die departementshoof (Liandrie Venter lventer@hennops.com) kontak maak.

2. AANTAL LEERDERS WAT AANVAAR SAL WORD

In 2027 sal daar **beperkte plekke** vir Graad R beskikbaar wees. Die eerste 240 leerders wat ingeskryf het, sal aanvaar word.

PROSEDURE EN TYDSBEPALINGS

INSKRYWINGSVORMS

Hierby aangeheg, 'n inskrywingsvorm vir 2027. Voltooi asseblief die aangehegte dokument **volledig** en gee dit so gou moontlik in harde kopie saam met die lys afskrifte by die Graad R-ontvangs in. Ons moet die dokumente in **harde kopie** hê.

Let asseblief daarna op dat onvoltooide vorms ongelukkig nie aanvaar sal word nie. Inskrywings is reeds by die Graad R-ontvangs beskikbaar, of u kan dit aflaai vanaf Laerskool Hennospark se webtuiste, onder die Graad R-skakel, of u kan 'n harde kopie by die Graad R-sentrum kom afhaal.

DOKUMENTASIE EN FOOIE WAT BENODIG WORD MET INSKRYWING

Die nodige dokumente moet u inskrywingsvorm vergesel. Ongelukkig kan **geen** afskrifte by die skool gemaak word nie. Indien die ondergenoemde dokumente nie beskikbaar is nie, kan dit die hele inskrywingsproses vertraag, wat daartoe kan lei dat u kind nie plek kry nie

Ons versoek dat u die volgende dokumente asseblief in die ondergenoemde volgorde sal plaas:

1. Inskrywingsvorm.
2. Afskrif van u kind se geboortesertifikaat.
3. Afskrif van u kind se immuniseringskaart.
4. Afskrif van beide ouers se ID-dokumente.
5. Bewys van woonadres.
6. 'n Registrasiefooi van R500 word vir Graad R gehef. Bogenoemde bedrag moet asseblief elektronies oorbetal word en die bewys van betaling moet die inskrywingsvorm vergesel wat u by Mimmie Olivier inhandig. Deposito's is nie terugbetaalbaar nie, maar die R500 registrasiefooi sal afgetrek word vanaf die eerste skoolfondspaaient. Die eerste 240 leerlinge, wat 'n volledige inskrywingsvorm, met al die nodige dokumente, asook 'n R500.00 registrasiefooi inhandig, sal verseker wees van 'n plek by Laerskool Hennospark. Alle ander aansoeke sal op 'n waglys geplaas word.
7. **BANKBESONDERHEDE**
Laerskool Hennospark
Eerste Nasionale Bank Takkode: 250655
Rekeningnommer: 626 259 09710
Verwysingsnommer: Graad R + Kind se naam en van, byvoorbeeld: Gr. R Jannie Raath 2027

NAVRAE

Vir enige navrae is u welkom om die volgende e-posadres te gebruik:

Departementshoof Grondslagfase:	Liandrie Venter	lventer@hennops.com
Graad R-ontvangs:	Mimmie Olivier	molivier@hennops.com
Telefoonnommer:	012 654 7411	

Laerskool Hennospark dra die belange van sy gemeenskap, ouers, leerders en omliggende kleuterskole op die hart. Dis vir ons 'n groot voorreg om reeds op so vroeë ouderdom insette in ons kinders se lewens te mag lewer.

Ons wil graag verseker dat geen kind/ouer bevoordeel of benadeel sal word in hierdie proses nie. Geen aansoek sal vir watter ander rede ook al, voorrang geniet nie en ons maak geen uitsondering op die reël nie.

Dit sal vir ons 'n voorreg wees om u in 2026 by die Hennopsfamilie te verwelkom. Ons sien met verwagting uit daarna om u aansoek te ontvang!

Vriendelike groete



Liandrie Venter
Visehoof Grondslagfase



LAERSKOOL HENNOSPARK



Ontvangs: 012 654 4308 Graad R: 012 654 7411
H/v Blackwood- en Mopaniestraat Hennospark, Centurion, Pretoria, Gauteng
GPS: Koördinate: -25° 51' 4.53", +28° 10' 12.49"
www.hennops.com info@hennops.com

Inskrywingsvorm

Volle name:	Aantal kinders in gesin: ☐	Name van leerders wat reeds in Laerskool Hennospark is / was:		
Leerder se van:	Posisie van kind in gesin:	Noemnaam	Graad	Jaar
Noemnaam:	☐ 1 ste			
Geboortedatum: Seun: ☐ Dogter: ☐	☐ 2 de			
ID-nommer:	☐ 3 de			
Kerkverband:	☐ 4 de			
Huistaal: Afrikaans: ☐ Engels: ☐ Ander:	☐ 5 de			
Ander tale wat leerder magtig is:	Geregistreer vir 'n maatskaplike toelaag: Ja ☐ Nee ☐			
Bevolkingsgroep:	Ontvang kos by skool: Ja ☐ Nee ☐			
Nasionaliteit: RSA ☐ Ander:	Alle aansoeke moet deur die volgende dokumente vergesel word en in die spesifieke volgorde ingehandig word:			
Immigrant: Ja ☐ Nee ☐ Burgerskap:	Voltooide aansoekvorm			
Toelatingsdatum:	Debietordermagtiging			
Vorige skool / kleuterskool:	Afskrif van geboortesertifikaat			
Graad geslaag: Jare in graad: Jare in fase:	Afskrif van albei ouers ID-dokument			
Voorskoolse opleiding bygewoon:	Afskrif van immuniseringskaart			
Formeel: ☐ Informeel: ☐ Ander:	Water- en ligte rekening waar leerder woon			
INLIGTING VAN VORIGE SKOOL/SPEELGROEP/KLEUTERSKOOL	Oorplasingertifikaat (indien leerder reeds een het)			
Eerste inskrywing van leerder in Gauteng? Ja ☐ Nee ☐	Afskrif van laaste rapport			
Het leerder verlede jaar skool bygewoon? Ja ☐ Nee ☐	Enige ander dokumente			
Indien wel, watter provinsie/land:	Graad R-registrasiefooi R500 (nie terugbetaalbaar nie)			
Vorige skool:	Kantoorgebruik Administrasienommer:			
Telefoonnommer:	Registerklas: Rekeningnummer:			
Adres:	Status van toelating: Aanvaar ☐ Nie aanvaar ☐			
Provinsie:	Redes indien nie aanvaar nie:			
Hoogste graad geslaag in vorige skool:	Handtekening:			
Rede vir skoolverlating:				

Inligting Naasbestaande / Kontakpersone (In geval van nood)

1. Naam:	2. Naam:
Verwantskap: Tel:	Verwantskap: Tel:
Huisdokter:	Dr. Tel:
Huisdokter se adres:	
Mediese fonds:	Mediese Fonds Plan:
Hooflid van fonds:	Mediese Fondsnummer: Afhanklike nommer:
Spesiale behoeftes van leerder:	Kroniese siektes:
Medikasie:	Allergieë:

Biologiese vader / voog se inligting

Van:	Titel:
Volle name:	
Noemnaam:	
ID-nommer:	
Huistaal: Afrikaans ☐ Engels ☐ Ander:	
Selfoon:	
Huistelefoon:	
E-pos:	
Woonadres:	
Posadres:	
Beroep:	
Werkgewer:	
Werkstelefoonnommer:	
Werkgewer fisiese adres:	
Status van gesin: (Kies waar van toepassing)	
Getroud, beide ouers ☐	Geskei, bly by ma ☐ Ouers oorlede:
Wewenaar ☐	Stiefma ☐ Vader ☐
Geskei, bly by pa ☐	Voogde ☐ Moeder ☐
Stiefpa ☐	Vervreem, bly by pa ☐ Geen ☐
Weduwee ☐	Vervreem, bly by ma ☐
Woon die leerder by hierdie ouer? Ja ☐ Nee ☐ Ander:	
Betaling van skoolgelde: Eenmalig ☐ Debietorder ☐	

Biologiese moeder / voog se inligting

Van:	Titel:
Volle name:	
Noemnaam:	
ID-nommer:	
Huistaal: Afrikaans ☐ Engels ☐ Ander:	
Selfoon:	
Huistelefoon:	
E-pos:	
Woonadres:	
Posadres:	
Beroep:	
Werkgewer:	
Werkstelefoonnommer:	
Werkgewer fisiese adres:	
Status van gesin: (Kies waar van toepassing)	
Getroud, beide ouers ☐	Geskei, bly by ma ☐ Ouers oorlede:
Wewenaar ☐	Stiefma ☐ Vader ☐
Geskei, bly by pa ☐	Voogde ☐ Moeder ☐
Stiefpa ☐	Vervreem, bly by pa ☐ Geen ☐
Weduwee ☐	Vervreem, bly by ma ☐
Woon die leerder by hierdie ouer? Ja ☐ Nee ☐ Ander:	
Betaling van skoolgelde: Eenmalig ☐ Debietorder ☐	

Toestemmingsvorm vir deelname aan skoolaktiwiteite

1. Hiermee gee ek, (volle naam en van), _____ die ouer / voog van (leerder se volle naam en van) _____ toestemming dat hy/sy aan sport-, kultuuraktiwiteite, opvoedkundige toere en uitstappies mag deelneem.
2. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek nie ongevalle, beserings, diefstal en enige onvoorsiene gebeure aan die verantwoordelike personeel sal toeskryf nie.
3. Ek dra my magte as ouer/voog oor aan die hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese behandeling / chirurgiese ingrepe vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is hy/sy fisies in staat om aan die bogenoemde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid.
4. Ek versoek egter dat daar gelet word op spesiale behoeftes indien enige: (bv. allergieë, abnormale bloeding, epilepsie ens.). _____

Onderteken te _____ op hierdie dag _____ van 20_____.

Handtekening van ouer/voog 1: _____

Handtekening van ouer/voog 2: _____

Onderneming deur ouer/voog

Ek, die ondergetekende doen hiermee aansoek by Laerskool Hennospark vir die registrasie van my kind/ers vir die huidige akademiese jaar. Ek onderneem en stem onvoorwaardelik toe tot die betaling van die skoolfonds, indien van toepassing soos vasgestel deur die skool se beheerliggaam en bevestig by die vergadering van die ouerliggaam soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet.

Ek bevestig en verstaan ook hiermee die volgende terme en voorwaardes van registrasie:

1. Ek is die ouer en/of wettige voog van die leerling/e en behoorlik gemagtig om hierdie dokument te voltooi en sal verbind wees hiertoe.
2. In terme van die SA Skolewet is beide biologiese ouers, gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van die skoolfonds ongeag hulle maritale status.
3. In die geval van wanbetaling behou die skool die reg voor om teen beide biologiese ouers op te tree niteenstaande enige egskeidingsooreenkoms, onderhoudsbevel of enige ander ooreenkoms welke mag bestaan tussen die betrokke ouers.
4. Skoolfonds is betaalbaar voor of op die 1ste van elke maand.
5. Finansiële bystand:
 - 5.1 Ouers welke nie in 'n posisie is om die skoolfonds te betaal nie mag aansoek doen vir vrystelling van skoolfonds soos voorgeskryf in die SA Skolewet. Aansoeke vir vrystelling is by die Finanskantoor vanaf Januarie beskikbaar en moet nie later nie as April van die betrokke jaar ingehandig word.
 - 5.2 Daar moet behoorlik aan die bepalings en voorwaardes van die betrokke aansoek voldoen word ten einde die skool in staat te stel om die aansoek te oorweeg.
 - 5.3 Beide biologiese ouers moet volledige bewys lewer van inkomste, naamlik salarisstrokies, bankstate, belastingopgawes en/of enige ander dokumentasie.
 - 5.4 Die skool mag enige en alle inligting soos voorsien deur die ouer hou en prosesseer deur middel van 'n rekenaar en/of enige ander prosedure as wat die skool mag goeddink.
 - 5.5 Die skool mag 'n kredietnavraag en/of kredietinligting van die betrokke ouers aanvra by enige geregistreerde kredietinstansie en/of kredietagente en/of kredietverskaffers.
6. Indien ouers in gebreke is met die betaling van die skoolfonds, behou die skool die reg voor om regsaksie in te stel vir die verhaling van die verskuldigde bedrag.
7. Indien regsaksie ingestel word vir die verhaling van agterstallige skoolfonds, word daar hiermee toegestem tot die heffing van prokureur en eie-kliëntfooie, sowel as die betrokke invorderingskommissie.
8. Die skool behou die reg voor om 'n inskrywing van wanbetaling teen die betrokke ouers se kredietrekord te maak welke in die skool se diskresie sal val.
9. Indien daar enige navraag en/of dispuut op u rekening is geliewe die Finanskantoor dadelik en per skrif daarvan in kennis te stel.
10. Die ondergetekende kies hiermee as sy domicilium citandi et executandi adres die adres soos hierop ingevul. Enige adresverandering moet per skrif aan die Finanskantoor deurgegee word.
11. Ek verstaan dat die skool die reg het om enige inligting soos voorsien te bevestig. In die geval van vals voorsienende inligting behou die skool die reg voor om kriminele klagtes te lê en welke in die diskresie van die skool hanteer sal word.
12. Dat ek, uit hoofde van my verbintenis met Laerskool Hennospark sal toesien dat my kind hom/haar hou by nakoming van die reëls wat deur die hoof of beheerliggaam vasgestel is.
13. Ek sal berus by enige dissiplinêre stappe deur die hoof of beheerliggaam wat mag voortspruit uit die herhaaldelike oortreding van hierdie reëls.

Onderteken te _____ op hierdie dag _____ van 20_____.

Handtekening van ouer/voog 1:

Handtekening van ouer/voog 2:



LAERSKOOL HENNOPSPARK



Ontvangs: 012 654 4308 Graad R: 012 654 7411
H/v Blackwood- en Mopaniestraat Hennospark, Centurion, Pretoria, Gauteng
GPS: Koördinate: -25° 51' 4.53", +28° 10' 12.49"
www.hennops.com info@hennops.com

Toestemmings- en vrywaringsvorm

Hiermee gee ek, (volle naam en van) _____, ouer /

voog van (leerder se volle naam en van) _____,

toestemming dat hy/sy aan enige fondsinsamelingsprojek, sakebedrywigheid of enige ander aktiwiteit buiten 'n skoolaktiwiteit ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet mag deelneem wat deur die beheerliggaam of skoolhoof goedgekeur is, hetsy op of weg van die skoolterrein.

Ek besef dat my kind op eie risiko aan bogemelde aktiwiteite deelneem. Ek verleen verder toestemming dat die personeel van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, my kind na en van die aktiwiteite weg van die skoolterrein vervoer.

Ek verleen verder toestemming dat die opvoeders van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, my kind na en van die skoolterrein vervoer vir doeleindes van skoolaktiwiteite wat weg van die skoolterrein plaasvind.

In gevalle waar 'n opvoeder 'n leerder vrywillig en in 'n nie-amptelike hoedanigheid vervoer, word dit 'n reëling tussen die ouers en opvoeder, en aanvaar die skool geen verantwoordelikheid vir enige risiko's nie.

Ek neem kennis dat my kind onder die toesig van die personeel van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, sal wees, welke persoon/persone met die nodige sorg sal optree om die veiligheid van my kind te verseker. Ek besef voorts dat die personeel van die skool, persone wat aangewys word deur die skool, die beheerliggaam en die skool self nie aanspreeklik gehou kan word vir die verlies van enige persoonlike besitting of enige ander verlies of skade wat opgedoen of gelyk kan word nie. Daarom doen ek hiermee afstand van enige eis hoegenaamd teen die skool wat kan voortvloei uit enige skade of verlies vanweë deelname aan bogemelde aktiwiteite.

As ouer/voog verleen ek hiermee toestemming aan die verantwoordelike personeel van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, om dringende mediese hulp vir my kind te bekom indien dit nodig sou word ten tyde van sy/haar betrokkenheid by aktiwiteite waarop hierdie vrywaring betrekking het. Sover ek weet, verkeer die kind in goeie gesondheid. Die verantwoordelike persoon/persone word egter versoek om op die volgende te let: (Noem hier enige gebrek, gesondheidsrisiko, swakheid of afwyking waaraan u kind ly en/of enige spesiale bedrywigheide waaraan u kind nie mag deelneem nie. Meld ook enige medisyne of allergieë.)

Ek neem kennis van die volgende:

1. Dat hierdie toestemming en vrywaring nie van toepassing is op skoolaktiwiteite nie, en dat die staat aanspreeklik is vir enige skade wat uit h skoolaktiwiteit spruit.
2. Dat hierdie toestemming en vrywaring geensins h afstanddoening is van enige eis wat die minderjarige self kan instel nie.
3. Dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

Vereiste inligting in geval van mediese of hospitaalbehandeling

Biologiese vader / voog se inligting

Van:	Titel:
Volle name:	
Noemnaam:	
ID-nommer:	
Selfoon:	
E-pos:	
Werkgewer:	
Werkstelefoonnommer:	
Werkgewer fisiese adres:	

Biologiese moeder / voog se inligting

Van:	Titel:
Volle name:	
Noemnaam:	
ID-nommer:	
Selfoon:	
E-pos:	
Werkgewer:	
Werkstelefoonnommer:	
Werkgewer fisiese adres:	

Inligting Naasbestaande / Kontakpersone (In geval van nood)

1. Naam:		2. Naam:	
Verwantskap:	Tel:	Verwantskap:	Tel:
Huisdokter:		Dr. Tel:	
Huisdokter se Adres:			
Mediese fonds:		Mediese Fonds Plan:	
Hooflid van fonds:	Mediese Fondsnummer:	Afhanklike Nr:	
Spesiale behoeftes van leerder:			
Kroniese siektes:			
Medikasie:			
Allergieë:			

Onderteken te _____ op hierdie dag _____ van 20_____.

Handtekening van ouer/voog 1:

Handtekening van ouer/voog 2:

- 1 'n Skoolaktiwiteit word omskryf as "enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings-of sosiale aktiwiteit van die skool op of buite die skool se perseel".
- 2 Artikel 60(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet bepaal dat die staat aanspreeklik is vir enige skade wat uit h skoolaktiwiteit spruit: "(1) (a) Behoudens paragraaf (b) is die Staat aanspreeklik vir enige skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige skoolaktiwiteit wat deur h openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalinge van hierdie artikel."



LAERSKOOL HENNOSPARK



Ontvangs: 012 654 4308 Graad R: 012 654 7411
H/v Blackwood- en Mopaniestraat Hennospark, Centurion, Pretoria, Gauteng
GPS: Koördinate: -25° 51' 4.53", +28° 10' 12.49"
www.hennops.com info@hennops.com

Toestemming vir die vervoer van leerders

Hiermee gee ek, (volle naam en van) _____, ouer /
voog van (leerder se volle naam en van) _____,
toestemming dat hy/sy aan enige skoolaktiwiteit weg van die skoolterrein mag deelneem.

Ek verleen verder toestemming dat die opvoeders van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, my kind na en van die skoolterrein vervoer vir doeleindes van skoolaktiwiteite wat weg van die skoolterrein plaasvind.

Ek neem kennis van die volgende:

1. Dat hierdie toestemming van toepassing is op skoolaktiwiteite, en dat die staat aanspreeklik is vir enige skade wat uit 'n skoolaktiwiteit kan spruit.
2. Dat hierdie toestemming geensins 'n afstanddoening is van enige eis wat die minderjarige self kan instel nie.

Onderteken te _____ op hierdie dag _____ van 20_____.

Handtekening van ouer/voog

- 1 'n Skoolaktiwiteit word omskryf as "enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings-of sosiale aktiwiteit van die skool op of buite die skool se perseel".
- 2 Artikel 60(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet bepaal dat die staat aanspreeklik is vir enige skade wat uit 'n skoolaktiwiteit spruit: "(1) (a) Behoudens paragraaf (b) is die Staat aanspreeklik vir enige skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige skoolaktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van hierdie artikel."



LAERSKOOL HENNOPSPARK



Ontvangs: 012 654 4308 Graad R: 012 654 7411
H/v Blackwood- en Mopaniestraat Hennospark, Centurion, Pretoria, Gauteng
GPS: Koördinate: -25° 51' 4.53", +28° 10' 12.49"
www.hennops.com info@hennops.com

Vrywaringsvorm met betrekking tot leerderfoto's/-beeldmateriaal/-video's

Ek, (skryf asseblief volle name en van netjies in blokletters)

verleen hiermee toestemming aan Laerskool Hennospark om foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosiale mediaplatforms;
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn by die naam genoem mag word, die naam/name of ander persoonlik identifiseerbare inligting van die kind(ers) nie saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

Naam/name van leerder(s):	Adres:
Naam van ouer/voog:	
Telefoonnommer:	

Onderteken te _____ op hierdie dag _____ van 20_____.

Handtekening van ouer/voog 1:

Handtekening van ouer/voog 2:



LAERSKOOL HENNOSPARK



Ontvangs: 012 654 4308 Graad R: 012 654 7411
H/v Blackwood- en Mopaniestraat Hennospark, Centurion, Pretoria, Gauteng
GPS: Koördinate: -25° 51' 4.53", +28° 10' 12.49"
www.hennops.com info@hennops.com

Aanhangsel A

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, 84 VAN 1996 REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING OF VERMINDERING VAN SKOOLGELDE

Voltooi asseblief die volgende volledig en merk die toepaslike blokkie met 'n "✓".
(Alle ouers moet hierdie vorm voltooi ongeag of u wil aansoek doen of nie)

- | | | | |
|----|---|-----------------------------|------------------------------|
| 1. | Het die hoof/skool u ingelig aangaande die bedrag wat jaarliks betaalbaar is vir skoolgelde? | Ja ☐ | Nee ☐ |
| 2. | Het die hoof/skool u ingelig dat u verantwoordelik is vir die betaling van skoolgelde tensy daar vrystelling aan u verleen is? | Ja ☐ | Nee ☐ |
| 3. | Het die hoof/skool u ingelig dat u geregtig is om aansoek te doen vir vrystelling of vermindering van skoolgelde? | Ja ☐ | Nee ☐ |
| 4. | Wil u aansoek doen vir vrystelling of vermindering van skoolgelde? | Ja ☐ | Nee ☐ |
| 5. | Het u hulp nodig om die aansoek te voltooi en in te dien? | Ja ☐ | Nee ☐ |
| 6. | Het die hoof/skool u voorsien van 'n aansoekvorm vir vrystelling? (dokument beskikbaar by die finansiële beampte van die skool) | Ja ☐ | Nee ☐ |

Onderteken te _____ op hierdie dag _____ van 20_____.

Handtekening van ouer/voog 1:

Handtekening van ouer/voog 2:



Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI)

Toestemming om persoonlike inligting te gebruik

Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig u, hiermee LAERSKOOL HENNOSPARK vrywillig om u persoonlike inligting sowel as dié van die leerder te verwerk, (met inbegrip van die name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat u aan die skool verstrek).

Verwerking sluit in die ontvangs, optekening, organisering, insortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.

Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom is.

Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied. Die doel van die verwerking van inligting moet met 'n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.

Daarbenewens neem u hiermee kennis dat LAERSKOOL HENNOSPARK persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en -beleide voorskryf.

Die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word, en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word.

Ingevolge artikel 11 van POPI kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:

Indien die datasubjek, of 'n bevoegde persoon ingeval die datasubjek 'n kind is, tot verwerking toestem.

Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van handeling met die oog op die sluiting of nakoming van 'n kontrak waarin die datasubjek 'n party is.

Indien verwerking voldoen aan 'n plig wat die skool volgens wet opgelê word.

Indien verwerking 'n regmatige belang van die data subjek beskerm



LAERSKOOL HENNOSPARK



Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van 'n openbare regsplig. Indien verwerking noodsaaklik is om in die skool se regmatige belang op te tree.

U regte ingevolge hierdie toestemming

U het die volgende regte:

Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word, en wanneer die skool dit sal bekend maak. Al voormelde inligting word vervat in ons Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en ons Privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is en bekom kan word by ons kantore of op ons webtuiste.

Die reg om u besonderhede reg te stel. Die skool sal u inligting bygewerk probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, stel ons asseblief in kennis sodat ons rekords so akkuraat moontlik kan wees.

Die reg om u toestemming terug te trek. U mag die toestemming wat u ons ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. U terugtrekking moet op skrif geskied en aan die inligtingsbeampste van die skool gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van u inligting raak nie.

Toestemming om bemarkingsinligting te ontvang

Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir bemarkingsdoeleindes verwerk word, en verstaan u dat deur toestemming te gee, u bemarkingsmateriaal in die vorm van SMS'e, e-posse en dies meer van die skool kan ontvang.

Merk asseblief u antwoord hieronder:

Ek stem in / Ek stem nie in nie

Naam & Van (leerling):

Handtekening van ouer/voog

Datum

**LAERSKOOL HENNOPSPARK**

h/v BLACKWOOD- EN MOPANIELAAN
HENNOPSPARK
POSBUS 12056
CLUBVIEW
0014

TEL: (012) 654 4308

LAERSKOOL HENNOPSPARK DEBIETORDER MAGTIGING

FAMILIEKODE: _____

JAAR: _____

Naam van leerder(s)	Graad

Laerskool Hennospark bied aan ons ouers 'n debietorderfasiliteit geadministreer deur STRATCOL finansiële dienste. 'n Debietorderinstruksie word op u familiekode ingestel vir 11 maande vanaf Februarie tot Desember van die betrokke finansiële jaar. Hierdie vorm moet by Mev Annandale ingehandig word of per e-pos gestuur word aan mannandale@hennops.com.

Die volgende opsies is beskikbaar – **Kies slegs een.**

KOLLEKSIE INSTRUKSIE		
Opsie	Maande	Dui aan met 'n X
25ste van die maand	25 Januarie - 25 November	
1ste van die maand	01 Februarie - 01 Desember	
15de van die maand	15 Februarie - 15 Desember	

BESONDERHEDE VAN REKENINGHOUER	
Naam van Rekeninghouer	
Bank / Instansie	
Takkode	
Rekeningnommer	
Rekeningtipe	

Ek/ons bevestig met hierdie ooreenkoms dat ek/ons die magtiging het om 'n debietorderinstruksie op bogemelde rekening te registreer. Hierdie dien as 'n skriftelike ooreenkoms wat ek/ons met Laerskool Hennospark aangaan om die skoolfonds van die bogemelde rekening te verhaal. Sou my debietorder vir drie agtereenvolgende maande geweier word, sal die debietorderinstruksie met onmiddellike effek gekanselleer word.

Handtekening

Datum

Kantoorgebruik	Verwerk: Ja / Nee	Datum verwerk
----------------	-------------------	---------------

LAERSKOOL HENNOSPARK

03 November 2025

Geagte Laerskool Hennospark-ouers

SKOOLFONDS 2026

Skoolfonds vir 2026 is bepaal op 31 Oktober 2025 na aanleiding van die ouerbegrotingstemme te Laerskool Hennospark. Baie dankie aan al die ouers wat kom stem het.

GRAAD	BEDRAG PER LEERDER PER JAAR	MAANDELIKSE PAAIEMENTE (11 MAANDE)
Graad R - Apparaatfooi	R429.00	R39.00
Graad R	R38 500.00	1ste paaielement Januarie 2026 = R3 000.00 (R3 500.00 – R500.00 registrasiefooi). Daarna 10 paaielemente van R3 500.00
Graad 1 -7 Drukfooi	R429.00	R39.00
Graad 1	R32 912.00	R2 992.00
Graad 2 – 3	R27 929.00	R2 539.00
Graad 4 – 7	R28 424.00	R2 584.00

BANKBESONDERHEDE

BANK:

FNB

TAKKODE:

250 655

REKENINGNOMMER:

626 259 09710

VERWYSINGSNOMMER:

4/5-syferkode (vertoon op die rekeningstaat. Links bokant naam en adres).
Die verwysingsnommer sal ook per kommunikasie-middel uitgestuur word.

BETALINGSOPSIES 2026:

Skoolfonds is vooruitbetaalbaar oor 'n periode van 11 maande voor of op die 7de van elke maand (Januarie tot November 2025).

- Elektronies 1 *(Indien u die volle bedrag vir die jaar betaal, 5% korting)
- Kaartstelsel *(Indien u die volle bedrag vir die jaar betaal, 2,5% korting)
- Kontant *(Indien u die volle bedrag vir die jaar betaal, 5% korting)

*Betaalbaar voor of op 31 Januarie 2026 vir 1 leerder.

*Betaalbaar voor of op 28 Februarie 2026 vir 2 of meer leerders.

4. Debietorder NAEDO/AEDO - VERPLIGTEND


Ouers wat per debietorder betaal kry die vergunning dat die 11 maande periode strek vanaf 25 Januarie tot 25 November, 1 of 15 Februarie tot 1 of 15 Desember 2026. Dit moet voor of op 30 November 2025 na Finansies ge-e-pos word:

mannandale@hennops.com

Maak asseblief seker u vul die leerder se naam, graad (2026) en familiekode in.

VRYSKELDING/KORTING/VERMINDERING VIR SKOOLFONDS (SLEGS GRAAD 1 – 7)

- Aansoekvorm vir 2026 is by die skool beskikbaar vanaf Woensdag, 15 Januarie 2026 by Mev Annandale.
- Aansoekvorm moet volledig voltooi word met ondersteunende dokumente, gesertifiseer (aangedui op bladsy 4) en moet in 'n geseëldde koevert voor of op **28 Februarie 2026** ingedien word en sal per register aangeteken word.
- Onvolledige aansoeke sal glad nie verwerk word nie.
- Aansoeke word vertroulik hanteer deur 'n geselekteerde paneel.
- Aansoeke word verwerk volgens 'n glyskaal wat deur die Departement van Onderwys in terme van Die Skolewet bepaal word. Sien asseblief die webtuiste van Departement van Onderwys (www.education.gov.za)


JH RAATH
HOOF

**LAERSKOOL HENNOPSPARK**

h/v BLACKWOOD- EN MOPANIELAAN
HENNOPSPARK
POSBUS 12056
CLUBVIEW
0014

TEL: (012) 654 4308

LAERSKOOL HENNOPSPARK DEBIETORDER MAGTIGING

FAMILIEKODE: _____

JAAR: _____

Naam van leerder(s)	Graad

Laerskool Hennospark bied aan ons ouers 'n debietorderfasiliteit geadministreer deur STRATCOL finansiële dienste. 'n Debietorderinstruksie word op u familiekode ingestel vir 11 maande vanaf Februarie tot Desember van die betrokke finansiële jaar. Hierdie vorm moet by Mev Annandale ingehandig word of per e-pos gestuur word aan mannandale@hennops.com.

Die volgende opsies is beskikbaar – **Kies slegs een.**

KOLLEKSIE INSTRUKSIE		
Opsie	Maande	Dui aan met 'n X
25ste van die maand	25 Januarie - 25 November	
1ste van die maand	01 Februarie - 01 Desember	
15de van die maand	15 Februarie - 15 Desember	

BESONDERHEDE VAN REKENINGHOUER	
Naam van Rekeninghouer	
Bank / Instansie	
Takkode	
Rekeningnommer	
Rekeningtipe	

Ek/ons bevestig met hierdie ooreenkoms dat ek/ons die magtiging het om 'n debietorderinstruksie op bogemelde rekening te registreer. Hierdie dien as 'n skriftelike ooreenkoms wat ek/ons met Laerskool Hennospark aangaan om die skoolfonds van die bogemelde rekening te verhaal. Sou my debietorder vir drie agtereenvolgende maande geweier word, sal die debietorderinstruksie met onmiddellike effek gekanselleer word.

Handtekening

Datum

Kantoorgebruik	Verwerk: Ja / Nee	Datum verwerk
----------------	-------------------	---------------

LAERSKOOL HENNOSPARK

03 November 2025

Geagte Laerskool Hennospark-ouers

SKOOLFONDS 2026

Skoolfonds vir 2026 is bepaal op 31 Oktober 2025 na aanleiding van die ouerbegrotingstemme te Laerskool Hennospark. Baie dankie aan al die ouers wat kom stem het.

GRAAD	BEDRAG PER LEERDER PER JAAR	MAANDELIKSE PAAIEMENTE (11 MAANDE)
Graad R - Apparaatfooi	R429.00	R39.00
Graad R	R38 500.00	1ste paaielement Januarie 2026 = R3 000.00 (R3 500.00 – R500.00 registrasiefooi). Daarna 10 paaielemente van R3 500.00
Graad 1 -7 Drukfooi	R429.00	R39.00
Graad 1	R32 912.00	R2 992.00
Graad 2 – 3	R27 929.00	R2 539.00
Graad 4 – 7	R28 424.00	R2 584.00

BANKBESONDERHEDE

BANK: FNB
TAKKODE: 250 655
REKENINGNOMMER: 626 259 09710
VERWYSINGSNOMMER: 4/5-syferkode (vertoon op die rekeningstaat. Links bokant naam en adres).
 Die verwysingsnommer sal ook per kommunikasie-middel uitgestuur word.

BETALINGSOPSIES 2026: Skoolfonds is vooruitbetaalbaar oor 'n periode van 11 maande voor of op die 7de van elke maand (Januarie tot November 2025).

- Elektronies 1 *(Indien u die volle bedrag vir die jaar betaal, 5% korting)
- Kaartstelsel *(Indien u die volle bedrag vir die jaar betaal, 2,5% korting)
- Kontant *(Indien u die volle bedrag vir die jaar betaal, 5% korting)
 *Betaalbaar voor of op 31 Januarie 2026 vir 1 leerder.
 *Betaalbaar voor of op 28 Februarie 2026 vir 2 of meer leerders.
- Debietorder NAEDO/AEDO - VERPLIGTEND**
 Ouers wat per debietorder betaal kry die vergunning dat die 11 maande periode strek vanaf 25 Januarie tot 25 November, 1 of 15 Februarie tot 1 of 15 Desember 2026. Dit moet voor of op 30 November 2025 na Finansies ge-e-pos word:
mannandale@hennops.com

Maak asseblief seker u vul die leerder se naam, graad (2026) en familiekode in.

VRYSKELDING/KORTING/VERMINDERING VIR SKOOLFONDS (SLEGS GRAAD 1 – 7)

- Aansoekvorm vir 2026 is by die skool beskikbaar vanaf Woensdag, 15 Januarie 2026 by Mev Annandale.
- Aansoekvorm moet volledig voltooi word met ondersteunende dokumente, gesertifiseer (aangedui op bladsy 4) en moet in 'n geseëldde koevert voor of op **28 Februarie 2026** ingedien word en sal per register aangeteken word.
- Onvolledige aansoeke sal glad nie verwerk word nie.
- Aansoeke word vertroulik hanteer deur 'n geselekteerde paneel.
- Aansoeke word verwerk volgens 'n glyskaal wat deur die Departement van Onderwys in terme van Die Skolewet bepaal word. Sien asseblief die webtuiste van Departement van Onderwys (www.education.gov.za)

JH RAATH
HOOF